# nico nuus.

HOËRSKOOL NICO MALAN SE AMPTELIKE NUUSBRIEF

KWARTAAL 1 2026



## VANUIT DIE SKOOLHOOF SE KANTOOR

Die eerste kwartaal van die jaar was 'n besonder besige tyd, met baie aktiwiteite by ons skool.  Benewens 'n vol en uitdagende akademiese program, moes personeel en leerders ook aanpas by verskeie departementele vergaderings wat deur die Departement gedurende skooltyd gereël is. Ten spyte van hierdie uitdagings het ons personeel hulself verbind tot die voortsetting van kwaliteit onderrig, en ons leerders het met deursettingsvermoë hul akademiese verantwoordelikhede aangepak.

Ons buitemuurse program was eweneens baie bedrywig. Met die oorvleueling van die somer- en wintersport-programme het baie van ons leerders die geleentheid aangegryp om aan verskeie sportsoorte deel te neem. Hierdie veelsydigheid is kenmerkend van ons skoolgemeenskap en ons is trots op die entoesiasme waarmee leerders hul talente op verskillende terreine ontwikkel. Ons wil veral ons atlete gelukwens met die uitstekende prestasies wat gedurende die atletiekseisoen gelewer is.

Die realiteit van 'n besige akademiese en buitemuurse program bring egter ook die noodsaaklikheid van goeie beplanning en prioritisering na vore.  Ons ervaar dat baie leerders soms sukkel om die nodige balans te handhaaf, en dat afwesighede en afsprake gedurende skooltyd 'n negatiewe invloed op akademiese vordering kan hê.  Ons doen daarom 'n vriendelike, maar ernstige beroep op ouers om ons te ondersteun deur hul kinders te help om verantwoordelikheid vir hul tydsbestuur en akademiese prioriteite te neem. Ons versoek vriendelik dat ouers leerders nie onnodig vroeër by die skool kom haal nie.  Reël asseblief, waar moontlik, alle afsprake ná skoolure.  Hierdie vaardighede vorm 'n belangrike deel van karakterbou en berei leerders voor vir die uitdagings van die toekoms.

Wat dissipline betref, wil ons ook die belangrikheid van wedersydse respek beklemtoon. Ons het onder sommige van ons jonger leerders gevalle van boeliegedrag waargeneem. As skoolgemeenskap staan ons saam teen enige vorm van onaanvaarbare gedrag. Die Bybelse beginsel dien vir ons 'n riglyn: "Doen aan ander wat jy aan jouself gedoen wil hê." Wanneer leerders hierdie eenvoudige waarheid uitleef, bou dit 'n kultuur van respek, omgee en veiligheid vir almal. Ons wil ook die ouers bedank vir hul begrip en samewerking ten opsigte van die implementering van die geen-selfoonbeleid. Daar is nog geïsoleerde gevalle, maar oor die algemeen verloop dit goed.

# skoolhoof se kantoor.

**Personeel- en bestuursaangeleenthede:**

Op personeelvlak wag die Beheerliggaam tans op die Departement om die kandidaatlys vir die aanstelling van 'n nuwe skoolhoof beskikbaar te stel.  Die proses behoort, volgens die Departementele tydskaal, teen einde April afgehandel te wees.  Ons vra graag die skoolgemeenskap se voorbidding dat die regte persoon vir hierdie belangrike pos aangestel sal word, sodat die skool se waardes, visie en tradisies voortgesit en verder uitgebou kan word.

Ons deel ook met groot vreugde 'n paar persoonlike gelukwensings:  Baie geluk aan mnr. Mark Vernout en mnr. Andrew Nicholson wat onderskeidelik met 'n dogtertjie (Lisa) en 'n seuntjie (Arno) geseën is. Ons gelukwense gaan ook aan mev. Anra Lloyd wat onlangs 'n dogter (Klara) ryker geword het.  Baie geluk aan mee. Elanke Lordan, Marizaan Pelzer en Marli Vorster wat onlangs verloof geraak het, en ons wens mnr. en mev. Elof en Arné Scheepers alle voorspoed toe na hul huweliksbevestiging in Februarie.

Ons verwelkom mnr. Joshua Swart as assistent-onderwyser.

Ons neem ook hierdie geleentheid om oom Rynier van der Watt opreg te bedank vir sy 21 jaar se toegewyde diens as terreinbestuurder by Nico Malan.  Sy harde werk, lojaliteit en betrokkenheid het oor baie jare 'n waardevolle bydrae tot ons skoolgemeenskap gelewer. Ons spreek ons diepe waardering uit en wens hom alle seën en voorspoed toe met sy aftrede.

Beste wense vergesel mej. Timany Mostert, wat vir twee maande as assistent-onderwyser by Hoërskool Nico Malan werksaam was.

Ten slotte wil ons elke ouer, leerder en personeellid bedank vir hul volgehoue ondersteuning en betrokkenheid by die skool.  Mag die komende kwartaal vir almal 'n tyd van groei, nuwe geleenthede en voortgesette sukses wees.



NICO - GROETE
**R.P. OLIVIER**



# klaskamer - nuus.

## PROMOSIEKRITERIA:

Deurlopende assessering vereis dat leerders konstant deur die jaar moet werk. **Die gewig van die Junie- en Desembereksamen speel 'n groot rol in die sukses van 'n leerder se akademiese prestasies.**

**Graad 8 - 9:**
Deurlopende assessering tot en met September tel 60 % van die jaarpunt met die Junie-eksamen wat die grootste gewig dra. Die November-eksamen tel 40 % van die finale promosiepunt.

**Graad 10 - 11:**
Deurlopende assessering tot en met die September-eksamen tel 40 % van die jaarpunt met die Junie-eksamen wat die grootste gewig dra. Die November-eksamen tel 60 % van die finale promosiepunt. In vakke waar daar 'n PAT-taakkomponent is tel die PAT taak 20 % en die November eksamen 40 %.

**Graad 12:**
Deurlopende assessering tot en met die September-eksamen tel 25 % van die jaarpunt met die Junie-eksamen wat die grootste gewig dra. Die November-eksamen tel 75 %. In vakke waar daar 'n PAT-taakkomponent is tel die PAT-taak 25 % en die November-eksamen 50 %.

Neem asseblief kennis dat u kind nie moet aanvaar hy/sy slaag as gevolg van kwartaal 1 en kwartaal 3 se punte nie. Hy/sy moet deurlopend werk.

Ons ondervind ook dat baie leerders se lees- en luistervaardighede beperk is. U kan werklik help deur betrokke te raak by u kind op die volgende wyse:

- **Laat u kind 'n paragraaf of leesstuk lees en vra daarna 'n paar vrae oor die inhoud.**
- **Lees 'n stuk hardop voor en laat u kind aandagtig luister. Vra daarna 'n paar vrae oor dit wat u kind onthou het.**

Deur hierdie twee eenvoudige metodes kan u dalk bydra tot u kind se verbeterde lees- en luistervaardighede wat uiters noodsaaklik is vir suksesvolle leer.

Leerders moet elke middag tyd aan tuiswerk bestee, sowel as nuwe werk wat in die klas gedoen is.

**Ongelukkig het die skool nie drukfasiliteite vir leerders se take nie. Indien take elektronies gedoen word, moet u asseblief 'n harde kopie laat druk vir inhandiging by die skool. Leerders mag handgeskrewe take inhandig.**

## SLAAGVEREISTES:

Graad 8 - 9:
Huistaal: 50 %
Eerste Addisionele Taal: 40 %
Wiskunde: 40 %
Enige ander 3 vakke: 40 %
Enige ander 2 vakke: 30 %

Graad 10 - 12:
Huistaal: 40 %
Enige ander 2 vakke: 40 %
Enige ander 3 vakke: 30 %

**Eksamen: 18 Mei - 22 Junie**

## VAKVERANDERINGS:

Vakveranderings vir graad 10 kan tot en met 15 Mei 2026 gedoen word. Maak asseblief seker dat u 'n ingeligte besluit in belang van u kind neem. **Geen verdere vakveranderings word vir graad 11 en 12 toegelaat nie.**

## OUERAAND:

Oueraand vind op Dinsdag, 21 April 2026, plaas. Bestudeer asseblief u kind se rapport en maak 'n afspraak met die onderwyser, indien nodig. 'n Geleentheid word aan u gebied om met die vakonderwysers asook enige ander personeellid te kom gesels oor u kind se vordering en akademiese sukses. U kind kry volgende kwartaal 'n afspraakvorm. Dui asseblief daarop aan wie u graag wil sien. Vakonderwysers sal die tyd op u vorm bevestig en weer huis toe stuur.

## KLAS VAN 2025:

Nico Malan is trots op die klas van 2025 met 'n slaagsyfer van 95,7 %. 'n 100 % slaagsyfer in elf vakke. 74,1 % van die leerders het universiteitstoelating behaal. Ses leerders het A-gemiddeldes en agtien leerders B-gemiddeldes behaal.



***Die skool heropen op Woensdag, 8 April 2026, om 07:30 met dag 1 van die rooster.***

# sport nuus.

**HOËRSKOOL NICO MALAN SE LEERDERS LEWER UITMUNTENDE PRESTASIES OP VELE TERREINE. 'N WOORD VAN GELUKWENSING AAN AL ONS PRESTEERDERS. DANK AAN DIE OUERS EN AFRIGTERS VIR HULLE ONDERSTEUNING. STERKTE AAN AL ONS LEERDERS WAT GEDURENDE DIE SKOOLVAKANSIE AAN TOERNOOIE DEELNEEM.**

## ATLETIEK

**Die volgende atlete is gekies om die Oos-Kaap by die Nasionale Skole Atletiekkampioenskap in Rustenburg te verteenwoordig. Die kampioenskap vind 8 - 11 April plaas:**

Alet Bezuidenhout (o.19 Hoogspring)
MJ Marks (o.19 100 m en 200 m)
Doné Mostert (o.15 Diskusgooi en Gewigstoot)
Kieran van Lill (o.19 400 m)
Liam Vosloo (o.19 110 m Hekkies en 400 m Hekkies)
Lienke Vosloo (o.15 90 m Hekkies en 300 m Hekkies)

**Die volgende atlete is gekies om 26 - 28 Maart aan die ASA Jeugkampioenskap in Germiston deel te neem:**

o.16:
Karlien Smit (400 m)
Lienke Vosloo (90 m Hekkies en 300 m Hekkies)

o.18:
De-Ané Erasmus (400 m)
Patrick Kettledas (200 m en 400 m)
Prince Latile (200 m en 400 m)
Nina Strydom (400 m)

o.20:
Anzelle Botes (400 m)
MJ Marks (100 m en 200 m)
Kieran van Lill (200 m en 400 m)
Liam Vosloo (110 m Hekkies en 400 m Hekkies)




## SKAAK

Bronwyn Marx en Lavanya Maziena is gekies om die Oos-Kaap te verteenwoordig by die gesogte SAJCC (Suid-Afrikaanse Junior Skaakkampioenskap), wat aan die einde van die kwartaal plaasvind.



## TENNIS

Ons is trots op die leerders wat in die volgende Oos-Kaapspanne ingesluit is:

OP IPT-span:
Mia Botha (o.19)
Lianca Rose (o.19)
Daniël Veldsman (o.15)

OP Synergy-span:
o.15:
JD Griebenouw
Chloé Timmer

o.19:
Naruschka Conradie
Reghardt Conradie
Nadia Dreyer
Simon Hoek
Ryan Nel
JM Pieterse

**Deel asb u kind se prestasies met ons.**

*Onthou om ons op Facebook, Instagram en YouTube te volg.*

# ander sake.

## ALGEMEEN:

**SELFONE:**
**Onthou!** Leerders mag glad nie in besit wees van 'n selfoon of enige ander elektroniese toestel tydens skoolure nie (07:00 – 14:00).

**KLEREDRAG:**
Skoolbaadjies, met formele skooldrag, is op Vrydae verpligtend. Dit geld vir kwartaal 1 tot 4. Leerders kan Maandag tot Donderdag formele óf informele skooldrag dra.

**HERINNERING:**
Leerders mag nie buitemuurse aktiwiteite in die middae bywoon as hulle afwesig was in die oggend nie. Indien hulle Vrydae afwesig is, mag hulle nie Saterdae deelneem nie.

## INIKOLLIGFEES:

IniKollig Kunstefees het 24 Maart plaasgevind, dankie aan almal wat die geleentheid ondersteun het.









# YOUR DONATION CAN BE THEIR LIFELINE

SANBS
South African National Blood Service

**Blood stocks are under pressure, and your role is vital in helping secure sufficient supply for the Easter period and the days beyond.**



**sanbs.org.za Toll-free: 0800 11 90 31**

# ander sake.

**Voorlopige kwartaalprogram aangeheg, hou sms/d6+ dop indien daar veranderinge is.**
**Kyk asseblief weekliks op Facebook, Instagram en d6+ vir volledige terugvoer oor uitslae.**

## @NICO:

Dankie vir jul ondersteuning!
Pryslys op d6+ beskikbaar.

**@Nico Klerewinkel se ure:**
**Maandae**: gesluit
**Dinsdae, Woensdae en Donderdae**: 11:30 – 14:30
**Vrydae**: 11:30 – 13:30

## JAARLIKSE GHOLFDAG:




Ons jaarlikse gholfdag het op 28 Februarie by St Francis Links plaasgevind. Altesaam 116 spelers het op die koel en bewolkte dag deelgeneem en die balle beslis die lig laat sien.

Baie dankie aan al die spelers en borge wat by die dag betrokke was. 'n Opregte woord van dank aan die Nico Malan-ondersteuningsklub wat voorgevat het met die reëlings en verseker het dat die gholfdag 'n reuse sukses was.

'n Spesiale woord van dank aan mnre. Dawson Rautenbach, Conrad Dreyer en Rupert Gerber.

## INLIGTINGSKAKELS:

Skandeer my, ek vertel alles wat jy behoort te weet.

## MYSCHOOL:

**Met MySchool help u die skool om maandelikse fondse te genereer.**
Ons vra ons ouers en ondersteuners om asb. Hoërskool Nico Malan as begunstigde op u **Woolworths MySchool MyVillage MyPlanet** kaart te maak.

Registreer hier indien u nog nie 'n kaart het nie

## ADVERTENSIES:

Daar is verskeie advertensiegeleenthede beskikbaar. Kontak asseblief ons sportkantoor, mnr. Jaco Nepgen: jaconepgen@nicomalan.co.za




## ONDERSTEUNERS:

Klik op die volgende skakel om by ons WhatsApp-inligtingsgroep aan te sluit.

*Onthou om ons op Facebook, Instagram en YouTube te volg.*

NM ONDERSTEUNERSKLUB

KENNIS VERLIG

Die grondslag van jou lewensreis.

# BLOEDSKENK:



Hoërskool Nico Malan het met trots ’n suksesvolle bloedskenkingsdag gedurende die kwartaal aangebied, waartydens leerders hulself beskikbaar gestel het om ’n betekenisvolle verskil te maak. Op Vrydag, 6 Februarie 2026, het die skool sy eerste bloedskenkingsgeleentheid vir die jaar in samewerking met die Suid-Afrikaanse Nasionale Bloeddienste aangebied. Dit was ’n besonder spesiale geleentheid, aangesien SANBS met Algoa FM saamgewerk het om bloedskenking aan te moedig en bewusmaking oor die belangrikheid daarvan om lewens te red, te bevorder.

Die dag was gevul met energie en entoesiasme toe SANBS ’n prettige element met hul “Pop a Balloon”-speletjie bygevoeg het, wat groot opgewondenheid onder leerders geskep het. Die ware betekenis van die dag het egter gelê in die skool se prestasie: Hoërskool Nico Malan is vereer as die mees verbeterde skool in die Oos-Kaap en is met trots aangewys as die wenner van die Life Givers-veldtog – ’n bewys van die toewyding van leerders, personeel en die breër skoolgemeenskap.

Die opwinding het nuwe hoogtes bereik toe Algoa FM regstreeks vanaf die skool uitgesaai het. Tydens die uitsending het die waarnemende skoolhoof, mnr. Riaan Olivier, waardevolle insigte gedeel oor die skool se betrokkenheid by die veldtog.

Mnr. Olivier het ook uitgelig dat deelname aan die inisiatief oor meer gaan as net bloedskenking – dit gaan daaroor om verantwoordelike jongmense te ontwikkel wat aktief tot hul gemeenskappe bydra. Die toekenning erken die gesamentlike poging van leerders, personeel en SANBS, en dien ook as motivering vir leerders om aan te hou deelneem en ander te inspireer om betrokke te raak.

Mnr. Olivier het ook verduidelik dat leerders deur bewusmaking en aanmoediging begin besef dat bloedskenking iets betekenisvols en die moeite werd is, veral wanneer hulle verstaan dat ’n enkele skenking tot drie lewens kan red.

In sy boodskap aan ander skole en leerders het mnr. Olivier almal aangemoedig om die eerste stap te neem en betrokke te raak. Hy het uitgelig dat bloedskenking veilig en vinnig is, en die vermoë het om lewens te red – wat dit een van die mees impakvolle maniere maak waarop jongmense tot die samelewing kan bydra.
Hoërskool Nico Malan gaan voort om die voortou te neem en te bewys dat ons saam lewens kan verander, een skenking op ’n slag.

Ons doen ’n beroep op die Nico Malan-familie om bloedskenking in Suid-Afrika te ondersteun.
Na die feestyd het bloedinsamelings regoor die land afgeneem, terwyl die behoefte aan bloed konstant en kritiek bly. In reaksie hierop het die Suid-Afrikaanse Nasionale Bloeddienste ’n nasionale veldtog, Answer the Call, geloods wat alle Suid-Afrikaners aanmoedig om hul moue op te rol en te help om die land se bloedvoorraad te herbou.
Hoe kan jy SANBS ondersteun?

- Help om die woord oor die Answer the Call-veldtog te versprei
- Skenk gereeld om ’n stabiele bloedvoorraad te help herbou en in stand te hou
- Deel veldtoginligting en bewusmakingsboodskappe op jou sosiale media-platforms
- Moedig vriende, familie en jou gemeenskap aan om bloed te skenk by hul naaste skenkersentrum of mobiele bloedskenking

Ons doen nou ’n beroep op die hele Nico Malan-familie – ons leerders, ouers, personeel, ondersteunersklub en breër gemeenskap – om saam te staan en voort te gaan om ’n verskil te maak. Wees ’n held. Beantwoord die oproep. Skenk bloed. Red lewens. Saam is ons nie net ’n skool nie – ons is ’n gemeenskap wat omgee, ’n gemeenskap wat optree en ’n gemeenskap wat lewens red.

sanbs.org.za Toll-free: 0800 11 90 31